Die verbeeldingryke gebruik van die metafoor

GEESTELIKE OORLOGVOERING

Chris van Wyk

Dié uitgawe van Kruisgewys se Boekeklub boek is "Bid of Baklei" deur dr Chris van Wyk, predikant van die NG gemeente Somerstrand. Hier lig Chris 'n paar van die hooftemas in die boek uit.

'n Gemeenskaplike metafoor

Geestelike oorlogvoering berus op die antieke gemeenskaplike metafoor van die stryd tussen lig en duisternis. Die metafoor word in verskillende godsdienste gebruik as 'n fundamentele verklaring van die werklikheid.

Hoewel geestelike oorlogvoering 'n beduidende Bybelse neerslag gevind het, is dit egter eers in die laaste twee dekades van die twintigste eeu deur sommige geleerdes – byvoorbeeld Wagner, Warner, Kraft en Hiebert – tot 'n allesomvattende model vir die Christelike bediening uitgebou. Die popularisasie daarvan deur die fiktiewe verhale van Peretti, het bygedra dat dit in 'n wêreldwye gebedsbeweging ontwikkel het.

Hoewel die kenmerkende gebedsmarse en gebedsreise minder kontroversieel van aard is, is dit veral geestelike kartering (spiritual mapping) van gebiede en groepe mense (George Otis jnr), die gebed teen territoriale gebiedsgeeste (Warner en Wagner), die verskeidenheid van bevrydingsbedieninge en sekere liturgiese vorme van geestelike oorlogvoering waaroor verskil van mening bestaan.

Die epistemologiese en hermeneutiese problematiek

Een van die wesenlike probleme met hierdie nuwe leringe oor geestelike oorlogvoering is die tipe epistemologie en vooruitspruitende hermeneutiek waarop dit berus.

Inligting word meesal bekom deur die ondervraging van demone, deur die inwin van inligting by hoëpriesters van ander godsdienste, deur die onkritiese gebruik van stories uit sendingsituasies en deur 'n vertroue op intuïsie en persoonlike openbarings van God.

Op grond van hierdie ongetoetste en meesal ontoetsbare metodes word demone en gebiedsgeeste geïdentifiseer en met 'n verskeidenheid van metodes bestry. Op die koop toe word dié ervaringe aangewend vir 'n nuwe en soms animistiese herinterpretasie van die Bybelse uitsprake oor geestelike oorlogvoering.

Dit lei ongelukkig meermale tot 'n verskraling van ander bedieningsfoci, soos barmhartigheidswerk, inheemswording (taalverwerwing, vertaling), lewenstyl evangelisasie, kerkplanting en gemeentebediening.

Verbeeldingryke gebruik van die Bybelse metafoor

Hoewel hierdie tipe epistemologiese verkragting van metafore afgewys moet word, gee die Bybelse metafore tog kategorieë waardeur die brug geslaan kan word tussen die wêreld

van die Bybel en die wêreld van vandag. Die wyse waarop hierdie metafore die verbeelding aangryp en tot 'n beter verstaan van God se werklikheid kan lei, moet nie onderskat word nie.

Dit geld nie net die metafoor van geestelike oorlogvoering nie. Toenemend word voorgestel dat die talle positiewe metafore in die Bybel hulle beter leen vir die ontwikkeling van 'n bedieningsmodel. Metafore van genesing, versoening, vrede maak, ambassadeurs ensovoorts kan met meer vrug gebruik word.

DIE WYSE WAAROP HIERDIE METAFORE DIE VERBEELDING AANGRYP EN TOT 'N BETER VERSTAAN VAN GOD SE WERKLIKHEID KAN LEI, MOET NIE ONDERSKAT WORD NIE.

Selfs Wagner het ten spyte van sy entoesiastiese ondersteuning van die geestelike oorlogvoering beweging, oorlogsterminologie by 'n onlangse gebedskonferensie in Turkye verbied, weens die sensitiewe konnotasie met die Middeleeuse kruistogte en 'n gevolglike beter kommunikasie in 'n oorwegend Moslem wêreld!

Die Bybelse model van geestelike oorlogvoering

Die Bybelse model van geestelike oorlogvoering kan getipeer word as in die eerste plek 'n "*VIR*"-model. Daarmee word bedoel dat dit primêr 'n positiewe ingesteldheid bevorder: *Vir* God, *vir* geloof, *vir* gelowiges, *vir* diens, *vir* getuienis ensovoorts. Op 'n sekondêre vlak is daar uiteraard ook dinge waarteen gewaak moet word en waarteen gestry moet word. Maar selfs in die wyse waarop hierdie sekondêre sake aan die orde gestel word, blyk die primêre positiewe hoopvolle vertrouenskarakter van die evangelie.

Die basiese ingesteldheid van die stryd is: **om voor en vir God te lewe** (Jak 4:1-10) **en vir die geloof te stry** (Ef 6:10-20). Die erkenning van die bestaan en invloed van die duiwel en die magte, lei nié tot 'n fokus direk op die magte nié. Geestelike oorlogvoering is eerder die normale lewenstyl van 'n gelowige verhouding met God deur sy Woord en gebed en die uitvoer van die normale getuienistaak van gelowiges.

INTERAKSIE EN GELOOFSDELING BLY DIE EVANGELIESE MANIER OM SAAM BY ANTWOORDE UIT TE KOM, AL IS DIE VERSKILLE OOK HOE GROOT.

Só 'n lewe **sluit 'n fokus op die waarheid in** (2 Kor 4:1-6). Geestelike oorlogvoering is daarom sekondêr gemik teen filosofieë, geloofsisteme en godsdienste wat die kennis van God bedreig. Die fokus is nie op 'n ruimtelike identifikasie van demoniese magte gerig nie, maar op die idees en persepsies van mense wat hulle gevange hou.

Die manier waarop hierdie idees verander word, is nie om dit weg te bid nie, maar mense se wan- en bygelowe juis uit te daag, die wanpersepsies aan die wortel daarvan aan die kaak te stel en 'n nuwe verstaan moontlik te maak deur die waarheid openlik en persoonlik bekend te maak!

Konstruktiewe deelname aan geestelike oorlogvoering

Terwyl ons empatie moet hê met die beleweniswêreld van gelowiges in van die etniese kerke wat moeilik loskom van die realiteit van die geesteswêreld waaruit hulle kom, lê die oplossing nie in 'n klakkelose aanvaarding van hulle wêreldbeeld nie. Interaksie en geloofsdeling bly die evangeliese manier om saam by antwoorde uit te kom, al is die verskille ook hoe groot.

Netso hoef die epistemologiese en hermeneutiese standpunte van sommige voorstanders van geestelike oorlogvoering ons nie te verhinder om by gebed en geloofsdeling betrokke te raak nie. Eerlikheid oor ons eie geloofstandpunte, 'n openheid vir mense wat anders dink en 'n konstruktiewe verbintenis om betrokke te raak en te bly by gebed, is immers 'n kenmerk van 'n volwasse geloofslewe.